Laerskool Baanbreker

Selfoon en Internetbeleid (E-Veiligheid)

Inleiding

Die selfoon en internet gebruik het ‘n onmisbare kommunikasie middel geword met groot voordele. Die voordele by die skool is ook belangrik, soos ouers wat met hul kinders reëlings tref tov vervoer ens. Uit ‘n veiligheidsoogpunt is dit in ons unieke omstandighede vir almal van belang.

Die gebruik van selfone en internet wat geredelik beskikbaar is het ook wesenlike gevare waaroor ons kinders gewaarsku moet word. Ongewenste materiaal en ongewenste karakters op die oop kommunikasie netwerk is ‘n wesenlike gevaar vir ons kinders. Daar is mense wat kinderlike onskuld uitbuit en misbruik. Dit raak al hoe moeiliker om ons kinders te waarsku en te beskerm teen die voorkoms van afbrekende materiaal wat hulle voortydig blootstel aan allerlei onderwerpe waarvoor hulle dikwels nie gereed is om sinvol te verwerk nie. Hulle kry ‘n verwronge beeld van die werklikheid en van hoe mense optree. Daarom is dit nodig om ‘n beleid by Laerskool Baanbreker hieroor bekend te maak.

Selfoon gebruik by die skool

- Selfoongebruik by die skool het die uitsluitlike doel om die kommunikasie kanaal met ouers oop te hou met die oog op veiligheid.
- Selfone mag nie gebruik word gedurende klastyd nie. Dringende boodskappe moet wag vir pouses.
- Alle selfone moet afgeskakel wees gedurende klastyd sodat die versoeking om boodskappe te stuur of te ontvang uitgeskakel kan word. Indien ouers dringend kinders moet kontak kan die skool geskakel word.
- Leerlinge mag nie gedurende klastyd met ander maats deur die selfoon of enige ander elektroniese instrument kommunikeer nie.
- Gedurende toetse en eksamens sal daar baie streng opgelet word na selfone wat in klastyd te alle tye binne tasse gebêre moet wees.
- Leerlinge moet alle insidente met selfone of ongewenste materiaal dadelik aanmeld by ‘n personeellid, wat dit sal verwys na die skool se Ondersteuningsdiens Bestuurder of Departementshoof Opvoedkundige Leiding.
- Geen leerder van Laerskool Baanbreker mag enige ongewenste materiaal ontvang, besit of versprei nie. Dit sluit materiaal in soos ontblooting van die menslike liggaam, opskure suggesties, voorstelle, vuil taalgebruik of gedagtes en idees. Geweldadige materiaal wat aggressie en ‘n bakleiery voorstel sal ook nie toegelaat word nie.
- Leerlinge moet daarteen waak om nie persoonlike inligting soos telefoonnommers, adresse en foto’s aan ander mense besikbaar te stel nie. Sulke inligting kan slegs met ouers se toestemming vir maats gegee word.
- Geen leerling mag ander persone afskrik, bang maak of dreig nie (boellie), ook nie deur middel van die selfoon of internet nie.

Internet gebruik by die skool

- Alle internet gebruik en toegang tot die internet mag slegs plaasvind onder toesig van ‘n personeellid.
- Internetgebruik by die skool is slegs vir opvoedkundige doeleindes.
- Geen leerder mag enige materiaal van die internet aflaai sonder die toestemming van ‘n personeellid nie.
- Leerlinge sal alle eiendom van ander met respek en sorg hanteer. Dit sluit die gebruik van rekenaars in, wat slegs gebruik word onder die prosedure en reëls soos neergelê in die rekenaarsentrum of klas.

Sanksies: Personeellede kan selfone konfiskeer vir veilige bewaring in die skoolkantoor indien leerlinge nie genoemde reëls nakom nie. Leerlinge wat herhaaldelik oortree kan verbied word om selfone skooltoe te bring.